CLUVER MARKOTTER

# STANDAARDBEPALINGS

6 Februarie 2024

## 1 Algemeen

1.1 Hierdie dokument bevat die standaardbepalings van u kontraktuele verhouding met Cluver Markotter Ingelyf, Registrasie Nommer 2000/002905/21. Ons verskaf dit aan u om enige misverstand of onduidelikheid uit te skakel oor die basis waarop ons u opdrag aanvaar.

1.2 Hierdie bepalings is bykomend tot die algemene kontraktuele bepalings wat die prokureur-en-kliënt-verhouding tussen u en ons firma reël.

1.3 Tensy skriftelik anders ooreengekom, is hierdie bepalings van toepassing op alle aangeleenthede wat ons firma namens u hanteer, ongeag of u met elke nuwe opdrag ons standaard-bepalings aanvaar het of nie.

1.4 Sou enigeen van hierdie bepalings vir u onduidelik of onaanvaarbaar wees, versoek ons u om dadelik die prokureur wat u saak hanteer, in kennis te stel. In die afwesigheid van enige sodanige kennisgewing aanvaar ons dat die bepalings en voorwaardes wat hier uiteengesit word, vir u aanvaarbaar is.

1.5 Hierdie bepalings bevat die volledige ooreenkoms tussen u en ons firma rakende die uitvoering van u opdrag, en dit vervang enige ander ooreenkomste of gesprekke in hierdie verband. Wysigings tot hierdie bepalings sal slegs geldig wees indien dit op skrif gestel en deur 'n direkteur van die firma onderteken is.

1.6 Die regsverhouding tussen u en ons firma word gereël deur die Suid-Afrikaanse reg.

## 2 Verbruikers ingevolge die Wet op Verbruikersbeskerming

2.1 Indien u onderneming (ons kliënt) 'n "verbruiker" ingevolge artikel 5(2)(b) van die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008 is (d.w.s. met 'n jaarlikse omset of batewaarde minder as die voorgeskrewe bedrag wat van tyd tot tyd ingevolge daardie Wet vasgestel word), onderneem u om ons onverwyld dienooreenkomstig skriftelik in kennis te stel.

2.2 In die afwesigheid van sodanige kennisgewing, lewer ons in goeie trou dienste ter uitvoering van u opdrag op die grondslag dat u onderneming (ons kliënt) nie 'n "verbruiker" vir die doeleindes van artikel 5(2)(b) van die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008 is nie.

## 3 Opdrag en advies

3.1 Ons benodig volledige en tydige opdragte van u om ons dienste ter uitvoering van u opdrag te kan verrig.

3.2 U bevestig dat die persone wat opdragte aan ons oordra, behoorlik daartoe gemagtig is. Indien ons opdragte vanaf bepaalde persone moet aanvaar, onderneem u om ons redelike vooraf skriftelike kennis daarvan te gee.

3.3 U kan nie aanneem dat ons kennis dra van enige ander aangeleenthede wat ons namens u of namens 'n derde party hanteer of hanteer het nie. Die verantwoordelikheid rus op u om ons vir elke opdrag van volledige instruksies te voorsien, tensy ons skriftelik anders ooreenkom.

3.4 Ons advies oor 'n bepaalde aangeleentheid het slegs op daardie aangeleentheid betrekking; u kan nie vir ander doeleindes daarvolgens handel nie, tensy ons dit skriftelik goedgekeur het.

3.5 U moet slegs ooreenkomstig die finale weergawe van enige advies of dokument wat ons goedkeur handel. U moet nie op konsepweergawes van advies of dokumente steun nie.

3.6 Ons advies is bedoel slegs vir u, ons kliënt. Geen ander party mag sonder ons uitdruklike skriftelike toestemming daarvan gebruik maak of daarop steun nie.

3.7 Ons is nie belastingpraktisyns nie, en gee nie belastingadvies nie. Ons raai u aan om die risiko van onvoorsiene belastingimplikasies te vermy deur advies by belastingadviseurs van u keuse in te win, voordat u enige besluite neem.

**4 Finansiële en persoonlike inligting/data: Toestemming**

Ons is 'n verantwoordbare instelling ingevolge die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum 38 van 2001 is. Dit beteken onder meer dat ons wetlik verplig is om u identiteit op die voorgeskrewe wyse na te gaan en om sekere verdagte of buitengewone transaksies waarvan ons bewus word, aan te meld sonder vooraf kennisgewing aan u, ongeag ons professionele pligte rakende vertroulikheid en regsprofessionele privilegie. U stem dus hiermee toe tot hierdie verifiëring en moontlike rapportering.

4.1 Sekere persoonlike inligting/data sal deur ons firma vereis, verkry, gestoor, behou en verwerk word vir die doel om u aangeleenthede namens u te hanteer. U stem hiermee toe dat ons firma u persoonlike inligting/data vir hierdie doel verkry, stoor, behou en verwerk, met die verstandhouding dat ons te alle tye sal voldoen aan die bepalings van alle wette wat die beskerming van persoonlike inligting/data reguleer, insluitend die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPIA) en alle ander wette wat verband hou met die beskerming, stoor, hantering, privaatheid, verwerking, behoud en vernietiging van persoonlike inligting/data.

4.2 U magtig hiermee ons firma om u persoonlike inligting/data te deel met enige finansiële instellings, verbandgewers versekeraars, huiseienaarsverenigings, oordrag- en verbandkansellasie-prokureurs, eiendomsagente asook enige ander verwante party/partye betrokke , soos nodig mag wees in 'n transaksie wat ons namens u hanteer.

Om effektief te voldoen aan ons pligte as 'n verantwoordbare instelling om sekere inligting in terme van die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum 38 van 2001, soos uiteengesit in 4.1 hierbo, te verifieer en aan te meld, maak ons gebruik van die dienste van 'n eksterne diensverskaffer, DocFox Africa (Pty) Ltd ("DFA"). Die dienste wat deur DFA aan ons firma gelewer word, sluit in:

- dokumentversameling en ontleding met betrekking tot beide natuurlike persone en regsentiteite;
  sifting van lyste / inligting van verdagte persone of entiteite;
- risikogradering; en
- bankrekeningverifikasie

4.3 Om hierdie dienste doeltreffend uit te voer, sal DFA persoonlike inligting/data van ons firma en sy kliënte elektronies stoor by 'n derde party gebaseer buite die Republiek van Suid Afrika ("derde party") via Amazon Web Services, geleë in die Republiek van Ierland, en/of aan of via 'n ander derde party wat dieselfde DFA-vereiste dienste in 'n ander land aanbied. DFA sal verseker dat die derde party wat die persoonlike inligting/data ontvang (a) onderhewig is aan wette, bindende korporatiewe reëls of 'n bindende ooreenkoms wat 'n voldoende vlak van beskerming bied en effektief beginsels handhaaf wat wesenlik soortgelyk is aan die beginsels onder POPIA vir redelike verwerking van die persoonlike inligting/data van 'n natuurlike persoon en/of regspersoon, en (b) is onderhewig aan bepalings vir die verdere oordrag van inligting/data aan 'n derde party in 'n vreemde land wat wesenlik soortgelyk is aan die bepalings ingevolge artikel 72 van POPIA.

4.4 U stem hiermee toe tot hierdie bepalings wat verband hou met die stoor, bewaring, hantering, verwerking en verdere oordrag aan 'n derde party in 'n ander land van u persoonlike inligting/data soos vereis ingevolge artikel 72(1)(b) van die POPIA, met die verstandhouding dat hierdie toestemming vereis word en slegs deur ons gebruik sal word vir die doel om opdragte namens u te hanteer.

4.5 Benewens voldoening aan POPIA sal ons firma ook voldoen aan vereistes soos van tyd tot tyd deur die Regspraktykraad gespesifiseer vir die berging van persoonlike inligting/data van kliënte.

4.6 As prokureursfirma is ons gebind deur prokureur-kliënt privilegie om die vertroulikheid van inligting van ons kliënte te handhaaf en te beskerm.

4.7 Tensy u ons anders in kennis stel, stem u hiermee in om nuusbriewe en/of ander nuttige inligting van ons firma in die toekoms te ontvang.

**5 Fooie en Uitgawes**

5.1 Met die uitsondering van sekere regswerk teen 'n vaste tarief, word die gelde/fooie waarvoor ons firma u debiteer bepaal volgens die uurtarief van die prokureur(s) wat u saak hanteer.

5.2 U kan die betrokke prokureur(s) se uurtarief by die spesifieke prokureur(s) aanvra.

5.3 Ons prokureurs se uurtarief word jaarliks op 1 Januarie aangepas, en die aangepaste tarief geld vanaf die voorgemelde datum vir enige voortgaande opdragte.

5.4 Tensy daar anders met u ooreengekom is, sal ons u met gereelde tussenposes vir werk wat reeds gedoen is debiteer. Let asseblief daarop dat fooie nie eers by afhandeling van die betrokke aangeleentheid gedebiteer en betaalbaar sal word nie.

5.5 Ons sal u vir alle uitgawes namens u aangegaan debiteer en faktureer sodra die betrokke uitgawes aangegaan is.

5.6 Fakture vir fooie en uitgawes is betaalbaar teen ontvangs. Rente sal gehef word op alle bedrae wat nie binne 30 (dertig) dae na die faktuurdatum vereffen is nie, teen 'n koers wat ooreenstem met die prima-uitleenkoers op oortrokke fasiliteite wat ons bankiers van tyd tot tyd vasstel. Indien u versuim om enige bedrag te betaal wat betaalbaar is volgens 'n rekeningstaat wat ons firma ooreenkomstig hierdie standaardbepalings gelewer het, behou ons die reg voor om u persoonlike inligting (sowel as besonderhede van u wanbetaling) aan enige geregistreerde kredietburo en enige opsporingsdiens te verskaf.

Deur ons standaardbepalings te aanvaar, stem u hiermee toe dat ons die voorgenoemde inligting mag bekend maak en aan kliënte van die kredietburo en geregistreerde kredietverskaffers en opsporingsdiens mag beskikbaar stel.

5.7 Let asseblief daarop dat suksesvolle litigasie gewoonlik nie meebring dat die fooie en uitgawes wat aan ons firma betaal of betaalbaar is, volledig van die ander party verhaal kan word nie. Ons fooie en uitgawes bly betaalbaar, ongeag die mate waarin u sodanige fooie en uitgawes van die ander party kan verhaal.

5.8 In gevalle waar u met 'n kontraksparty ooreengekom het dat sodanige party vir betaling van ons fooie en uitgawes in verband met 'n sekere aangeleentheid verantwoordelik sal wees, bly u, synde ons opdraggewende kliënt, nietemin vir ons fooie en uitgawes aanspreeklik. Enige aanvanklike tegemoetkoming aan ons kant om sodanige ander party vir die fooie en uitgawes te faktureer, sal nie afbreuk doen aan u verpligting om die betrokke rekening by ons firma te vereffen nie, sou die ander party versuim om te betaal.

5.9 Indien ons aan die begin van 'n sekere aangeleentheid op u versoek 'n kosteberaming aan u verskaf, moet u daarop let dat sodanige kosteberaming slegs as 'n beraming beskou moet word en nie as 'n kwotasie dien nie. Ons behou die reg voor om die volledige fooie en uitgawes te debiteer wat in verband met 'n betrokke aangeleentheid opgeloop het, ongeag enige laer kosteberaming wat ons vir daardie aangeleentheid aan u verskaf het.

5.10 Indien u blootstelling aan koste in enige besondere aangeleentheid tot 'n spesifieke bedrag wil beperk, kan u die prokureur wat die saak hanteer skriftelik opdrag gee om u skriftelik in kennis te stel sodra die koste en uitgawes die gestelde perk bereik. By ontvangs van so 'n kennisgewing, moet u die prokureur van 'n verdere opdrag voorsien.

5.11 Ons beleid is om te verseker dat ons kliënte te alle tye volledig ingelig is oor alle aspekte rakende die koste van die betrokke aangeleentheid. U is welkom om enige navrae in hierdie verband (of verwante navrae) te rig aan die prokureur wat u saak hanteer.

5.12 Indien u verlang dat rekeninge vir taksasiedoeleindes aan die Raad op Regspraktyke voorgelê moet word, behou ons die reg voor om enige hoër bedrag wat vir die betrokke werk op taksasie verhaalbaar is, van u te verhaal.

**6 Bankrekeningbesonderhede; belegging van fondse en kontantbetalings**

6.1 Ons sal nooit e-pos of 'n elektroniese boodskapdiens gebruik om u in te lig oor veranderings van ons bankbesonderhede nie. Dit is uiteraard hoogs onwaarskynlik dat ons bankbesonderhede sal verander. Indien u ooit enige e-pos of ander elektroniese boodskap oor 'n verandering van ons bankbesonderhede ontvang, moet asseblief nie daarop reageer nie en tree onmiddellik met ons kantoor in verbinding.

6.2 Kuberbedrog is 'n konstante bedreiging en ons beveel sterk aan dat u betalings aan ons maak vanaf die bankinstellings waar ons as 'n bankgoedgekeurde begunstigde gelys is. Indien u nie by enige van hierdie bankinstellings kan betaal nie en ons dienooreenkomstig inlig, sal ons ons bankbesonderhede aan u verskaf deur 'n tweestap-stawingsproses te gebruik. Hierdie proses behels dat ons 1) ons bankbesonderhede per e-pos aan u sal stuur in 'n wagwoordbeskermde dokument, en 2) die wagwoord vir die beskermde dokument per WhatsApp na u selfoonnommer (die nommer op rekord by ons) stuur. U onderneem om geen betaling op enige ander wyse aan ons te maak nie.

6.3 Tensy u ons versoek om trustgelde namens u te belê deur aan ons 'n beleggingsmandaat te gee, sal fondse wat namens u in ons trustrekening

gehou word nie rente verdien nie; in ooreenstemming met die reëls van die Raad op Regspraktyke ("Legal Practice Council").

6.4 Let asseblief daarop dat, ingevolge die Wet op Regspraktyke 28 van 2014, 'n statutêre aftrekking van 5% van die bedrag rente wat verdien is op fondse wat ons namens u belê het, gemaak sal word. Die instelling waarby die belegging gemaak is, sal hierdie bedrag self aftrek en regstreeks aan die Getrouheidsfonds vir Regspraktisyns (Legal Practitioners' Fidelity Fund) oorbetaal.

6.5 Indien u 'n kontantbetaling van R5,000.00 of meer in ons bankrekening maak, sal die kontanthanteringsfooi wat deur die finansiële instansie gehef word, vir u rekening wees.

**7 Kommunikasie en data**

7.1 Stel ons asseblief onverwyld skriftelik in kennis indien u kontakbesonderhede verander.

7.2 Tensy u ons andersins opdrag gee, sal ons by wyse van enige geskikte vorm van elektroniese kommunikasie (onder meer e-pos, telefoon, faksimilee, videokonferensie en kitsboodskapdiens) met u kommunikeer. U onderneem om doeltreffende sekuriteitsreëlings te handhaaf vir die stelsels wat u vir hierdie vorme van kommunikasie gebruik en aanvaar die inherente risiko's wat die gebruik van sodanige metodes inhou (bv. nie-aflewering, onderskepping en vervalsing)

7.3 Hoewel ons beskikbare tegnologie vir beskerming teen kwaadwillige kommunikasie of datamisbruik aanwend, aanvaar u dat ons beskermingsmaatreëls nie vir u volledige beskerming kan bied nie, en onderneem u om eie tegnologie vir hierdie doeleindes te gebruik.

7.4 Ons sal slegs geag word 'n boodskap te ontvang het wanneer ons daarop reageer.

**8 Bewaring van dokumente**

8.1 Alle dokumente rakende aangeleenthede wat hierdie firma hanteer, word vir 'n tydperk van 7 (sewe) jaar in ons argief bewaar.

8.2 Sodra hierdie 7 (sewe) jaar tydperk verstryk het, word die inhoud van die betrokke lêers vernietig.

8.3 Indien u ons sou versoek om dokumente wat met 'n afgehandelde aangeleentheid verband hou te herwin, behou ons die reg voor om redelike vergoeding vir die uitvoering van die versoek te verhaal.

8.4 Ons firma beskik oor veilige bewaringsfasiliteite vir ons kliënte. Vergoeding vir die verkryging, hantering en bewaring van dokumente word deur ons firma verhaal. Volledige inligting ten opsigte van die moontlike veilige bewaring van dokumente sal op versoek aan u verskaf word.

**9 Klagtes**

9.1 Enige klagte rakende 'n aangeleenthed wat ons firma namens u hanteer, moet geopper word by die prokureur wat aan die hoof van die betrokke departement staan.

9.2 Alle klagtes sal oorweeg word, waarna u terugvoer sal ontvang.

9.3 Ons firma stel ons dit ten doel om alle aangeleenthede tot bevrediging van ons kliënte te hanteer. Ons nooi u uit om ons in kennis te stel indien ons in enige geval na u mening nie hierdie doel bereik het nie.

**10 Beëindiging van mandaat**

10.1 Tensy anders ooreengekom, is u daarop geregtig om ons mandaat om namens u op te tree te enige tyd te beëindig.

10.2 Indien ons bewus raak van 'n onhoudbare botsing van belange wat nie tot u en ons bevrediging opgelos kan word nie, behou ons die reg voor om ons van u aangeleentheid te onttrek en stem u toe dat u geen eise weens ons onttrekking teen ons sal instel nie.

10.3 Indien u ons mandaat sou beëindig, is u daarop geregtig dat alle dokumente wat met u aangeleentheid verband hou, aan u oorhandig word sodra ons betaling ontvang het vir alle fooie en uitgawes wat op die datum van beëindiging aan ons firma verskuldig is.

**11 Beperking van aanspreeklikheid**

11.1 Die maksimum aanspreeklikheid van ons firma en/of ons direkteure ten opsigte van alle eise wat uit die uitvoering van ons mandaat voortspruit, is beperk tot 'n bedrag wat gelyk is aan 2 (twee) keer die gemiddelde jaarlikse gelde/fooie wat vir ons dienste gehef is tydens die duur van die mandaat óf, indien die duur van die mandaat korter as 'n jaar was, 2 (twee) keer die totale gelde/fooie wat gehef is. Hierdie maksimum aanspreeklikheid geld ten opsigte van alle eise, ongeag die aard, oorsprong of wyse van ontstaan van die eis, hetsy uit kontrak, delik of andersins.

11.2 Ons firma en/of die direkteure is nie aanspreeklik vir enige verlies, skade, koste of uitgawes wat ontstaan, hetsy regstreeks of onregstreeks, as gevolg van inligting wat deur u of enige van u werknemers of agente verskaf is of weens wanvoorstellings, nalatige of oneerlike handelings of versuim deur sodanige persone nie.

11.3 **Geen skadevergoeding vir gevolgskade nie:** U kom ooreen om nie eise teen ons firma of direkteure in te stel vir die verhaling van enige vergoeding vir gevolgskade of indirekte skade nie, asook die verhaal van bestraffende skadevergoeding of spesiale skadevergoeding van enige aard (insluitende weens verlies van inkomste) nie, en doen hiermee afstand van alle sodanige eise.

11.4 **Geen persoonlike aanspreeklikheid vir betrokke persone nie:** U kom ooreen dat u geen eis teen 'n huidige of voormalige direkteur, werknemer, konsultant of ander agent van Cluver Markotter Ing in hulle persoonlike hoedanigheid sal instel nie, en u doen hiermee afstand van alle sodanige eise.

10.5 **Geen aanspreeklikheid indien versekering nie dekking bied nie:** Daar is sekere uitsluitings en beperkings van toepassing op ons versekering vir professionele aanspreeklikheid (bv. 'n beperking ten opsigte van aangeleenthede wat in Noord-Amerika ontstaan het). Indien u inligting oor sodanige beperkings verlang, verskaf ons graag op versoek aan u 'n afskrif van ons huidige versekeringspolis. Indien u 'n eis teen ons firma en/of enigeen van ons direkteure ingestel het en ons geen of ontoereikende uitbetaling van 'n versekeringseis vir professionele aanspreeklikheid ingevolge ons versekeringspolis ontvang nie, doen u hiermee volledig afstand van enige sodanige eis vir sover die eis nie deur ons versekeringspolis gedek word nie.

11.6 **Geen aanspreeklikheid teenoor derdepartye nie:** Ons mag van tyd tot tyd die dienste van derdepartye vereis, soos advokate en korrespondente, byvoorbeeld vir litigasie. Indien enige eis uit die handeling of versuim van sodanige derdeparty sou ontstaan, en indien ons op u skriftelike versoek instem om die reg om regstreeks van sodanige derdepartye te eis aan u te sedeer, is die sessie onderworpe daaraan dat u ons vrywaar teen enige skade of nadelige gevolge, insluitend regskoste, wat uit sodanige sessie kan ontstaan.

11.7 Die beperking of uitsluiting van aanspreeklikheid in die vorige paragrawe sal nie geld vir sover enige een van ons firma se direkteure, werknemers of agente aanspreeklik is weens enige handeling of versuim wat krimineel, oneerlik of bedrieglik is nie.

11.8 Wanneer 'n hof of arbiter ons firma se aanspreeklikheid vir die doeleindes van enige kontraktuele geding ingevolge hierdie paragraaf moet bepaal, sal sodanige aanspreeklikheid beperk word ooreenkomstig die bydrae van al die betrokke partye tot die tersaaklike verlies of skade, gebaseer op relatiewe bydraende skuld. Dit word ooreengekom dat die bepalings van artikel 1 van die Wet op Verdeling van Skadevergoeding 34 van 1956 van toepassing is op alle eise tussen u en ons firma, en dat verwysings in hierdie dokument na die begrippe "oneerlik" en "nalatigheid" enersyds, en "skade" of "verliese" andersyds, die betekenis sal hê van onderskeidelik "*skuld*" en "*skade*" soos na verwys in artikel 1 van genoemde Wet.

**12 Arbitrasie**

12.1 Met die uitsondering van geskille waaroor die Raad op Regspraktyke (Legal Practice Council) jurisdiksie het of geskille oor die betaling van enige fooie of uitgawes, moet enige geskil wat uit hierdie ooreenkoms voortspruit of as gevolg daarvan ontstaan, by wyse van arbitrasie in Kaapstad bygelê word en ooreenkomstig die reëls waarop die partye skriftelik ooreengekom het binne 14 (veertien) werksdae nadat die arbitrasie aangevra is; of andersins ingevolge die bespoedigingsreëls van die Arbitrasiestigting van Suid-Afrika (Eng. AFSA).

12.2 'n Enkele arbiter waarop die partye tot die geskil skriftelik onderling ooreengekom het, moet die verrigtinge waarneem. Sou daar na 7 (sewe) werksdae nadat die arbitrasie aangevra is, nog geen sodanige ooreenkoms bestaan nie, sal AFSA een of meer arbiters aanstel met inagneming van die aard van die geskil.

12.3 U stem ook toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof om enige geskil in verband met die betaling van enige fooie of uitgawes te beslis.

**13 Domicilium citandi et executandi**

13.1 U benoem hiermee u fisiese adres soos aan ons verskaf in die Nuwe Kliëntvorm as u gekose *domicilium citandi et executandi* vir die betekening van alle kennisgewings of prosesstukke;

OF

U benoem hiermee die volgende fisiese adres as u gekose *domicilium citandi et executandi* vir die betekening van alle kennisgewings of prosesstukke:

_____

_____

_____

Naam van kliënt:_____

Handtekening van/namens kliënt:_____

Naam van ondertekenaar:_____

Datum van ondertekening:_____

_____